Die siel is soos 'n sak en elkeen dra haar eie.

Afrika-spreekwoord

The meeting of two personalities is like the contact of two chemical substances: if there is any reaction, both are transformed.

Carl Jung

1

Ek is Christo de Villiers. Dit is 14 Julie 2009 en ek is vandag een-en-dertig.

Ek trek my laptop nader tot in die kol lig wat die geboë nek van die lamp op die lessenaarblad gooi en maak die Raasberg-folder oop.

Ek klik op die Victor-file.

Victor het sy planne vir Projek Raasberg in ’n notaboek neergeskryf. Die notaboek is opgeskeur. Ek het die flardes later in ’n sak by die polisie gekry. Ek het maande daarná die stukke wat nog leesbaar was kronologies gesorteer en uitgelê op die vloer – die een stuk ná die ander stuk.

Toe het ek al die stukkies papier weer opgefrommel en teruggeprop in die pastieksak en onder in ’n laai gebêre.

’n Paar weke gelede het ek hulle weer uitgehaal, gesorteer en sy woorde begin oortik.

Ek maak die file weer toe.

In die Raasberg-folder is al die ander dokumentasie ook gereed:

- Nina se weergawe van Les 1, 2 en 3, asook die brief van die storieverteller
- tante Sandra se storie-aantekeninge
- die inhoud van Catharina se hardeband swart boek
- Andrea se weergawe van die brief van die storieverteller
- die inhoud van Daniël se klein notaboekie
- Nina se boek
- Nina se brief aan Andrea

Ek het van Nina gehoor toe ek agtien geword het, vandag, dertien jaar gelede. Ek het gedog ek hoort saam met Pa en Ma op ’n Karoo stoep, waar ons soveel laatmiddae vir die moontlikheid van reën gesoek het. Ek het so gedink totdat ek gehoor het dat ek elders ook was. Eens op ’n tyd.

Toe ek van Nina gehoor het, het sy nog nie ’n naam gehad nie. Dit was maklik om haar naam te kry, maar ’n naam is net ’n naam. Wie is Nina? Hoekom het sy gedoen wat sy gedoen het?

Ek het meer oor haar uitgevind en ek het haar soms dopgehou, maar nie veel wys geword nie. Sy was net ’n vrou, ’n pragtige vrou met helderblou oë, kort blonde hare en ’n donker, amper blas vel – ’n ongewone kombinasie.

Drie jaar gelede, in Junie 2006 het ek Nina leer ken.

Andrea, Ben, Daniël, Victor, Catharina en Matilda se lewensstories het ook met myne verweef geraak.

En ek het uitgevind van Leonard.

Twee weke in Junie 2006 het my lewe in ’n totaal ander rigting gestuur.

Hoe het alles wat gebeur het inmekaargeskakel?

Ek moet dit uitpluis.

En my probeer indink hoe Nina en Andrea kon gevoel het.

Miskien sal ek dit eendag vir klein Sam gee.

Wil ’n kind regtig weet waarvandaan hy gekom het?

Ek maak Victor se file weer oop. Victor was die storie-verteller wat Nina, Andrea en Matilda se toue getrek het.

Ek maak die file weer toe. Ek wil liewers met Andrea en Nina begin. Ek wil begin met wat gebeur het op Sondag 4 Junie 2006.

2

Andrea skop die duvet van haar af. Dis sesuur en nog stikdonker. Sy moet na Sekeldraai toe gaan. Vandag. Sy ken die spinnerak van die stukkie kaart met Rosenkom in die middel, want dit het 30 kilometer van Rosenkom af gebeur, op die Sekeldraaipad.

Sy kon Sekeldraai nooit op die kaart vind nie. Die Sekeldraaipad is een van die baie, amper onsigbare, garingdraadpaadjies, maar dit kan net duskant of anderkant Rosenkom wees. Daar is slegs een groot pad deur Rosenkom.

Sy klap die voordeur van die woonstel agter haar toe dat die slag weergalm deur die vroegoggend stilte van die woonstelblok. Die woonstel is leeg sonder Gerhard. Selfs dooierige Gerhard het koers gekry.

'n Yswind wat om die hoek jaag, sny deur haar baadjie.

Ver onder haar flikker die stad se ligte.

Sy hardloop die trappe af. Om en om. Elke vloer se trappe is in helftes verdeel. Tien trappies. Land. Tien trappies. Land.

Dit het twintig jaar gelede gebeur en sy was nog nooit by Sekeldraai nie.

Die deurwag kyk vakerig op toe sy verby drafstap.

Die Golf vat dadelik. Die parkeerplek langs hare is leeg. Gerhard is seker al amper in Londen. Sy sit die verwarmer aan. Die snelweg se ligte flits verby. Die paaie is nog stil, 'n sirene loei-loei êrens. Sy draai af van die snelweg. Die enjin vreet die kilometers en daar is 'n spinnerak in haar kop. Die drade tril en wil omvorm tot letters, 'n hoofopskrif in die koerant wat ***BOM!*** skreeu. *Dertig kilometer buite Rosenkom, op die Sekeldraaipad.* 11 Oktober 1986.

Sy was nege.

Tannie Susaar het nie die koerante van haar weggehou nie. “Dit het gebeur, Andrea,” het sy gesê, “nou moet jy leef daarmee.”

Sy het daarmee probeer leef deur dit te probeer vergeet, maar hoe kán ’n mens?

Die lug word dynserig rooi in die ooste. Telefoonpale kom verby, die een ná die ander ná die ander. Landerye vol bruin stoppels, beeste wat in die verte wei, ’n windpomp wat draai en draai en draai.

Sy stop by ’n vulstasie om petrol in te gooi en gaan koop koffie in die winkel terwyl haar oë oor die pakke koerante gly. Dis gister se koerante. Sy sluk-sluk die stomende koffie, terwyl sy wag dat die man haar garagekaart terugbring en teken die strokie met stywe vingers.

Die son sit rooi in die ooste. Dis nog ’n dag.

Sowat vyftig kilometer duskant Rosenkom begin sy stadiger ry. Sy trap rem toe sy die klein padwysertjie na Sekeldraai sien. Die kar swaai dwars in die pad en kom tot stilstand. Sy ry stadig agteruit en draai af op die grondpad.

Verskrompelde mielielande agter hoë elektriese heinings weerskante van die pad. ’n Vaal sementdam met ’n windpomp. Die pad loop pylreguit aan. Dis onlangs geskraap en daar is geen hobbels of sinkplate nie. Sy ry vinniger en vinniger. Waarheen ry sy? Hier is niks. Niks.

Sy ruk meteens aan die stuurwiel en klou dit met alle mag vas, toe die kar om die draai skuif en met ’n knars, voorwiele in ’n sloot, tot stilstand kom. Sy kyk af op die neus van die kar. Sy draai versigtig die sleutel en skakel die enjin af. Dis Sekeldraai. Dis nie ’n plek nie, dis ’n draai in die pad. Sy beur die deur oop en klim stadig uit.

Die kar sak skielik nog ’n ent in die sloot weg.

Sy duik uit die kar en land handeviervoet op die grond.

“Ferdi sal kom help,” sê ’n stem.